BabyGym®
Institute South Africa

SUKSES stories

Die BabaGim massering se wonderlike voordele vir tieners

Liezl Blom

Ek het na my kwalifikasie as BabaGim Instrukteur by ‘n skool begin werk as babaklas-onderwyseres. Ek het BabaGim daagliks in my klas toegepas en dit het groot nuuskierigheid by die klas-assistent ontlok. Die assistent het drie tiener-kinders en sy wou graag BabaGim op hulle toepas; haar een seun het gesukkel om in die klaskamer te konsentreer en sy wou dit graag aanspreek.

Ek het die BabaGim massering vir haar gedemonstreer en ook vir haar verduidelik dat die resultate en voordele van die massering langer sal neem om te wys, omrede hul al ouer is. Sy het November 2013 die BabaGim-massering op al 3 haar kinders begin toepas. Haar terugvoer verlede week was: “Ek is stomgeslaan, nie my seun of oudste dogter (van 19 jaar) het ooit daarvan gehou as ek, of enige iemand anders, te naby aan hulle gekom het nie en sou jou wegstoot as jy hul wou omhels. My dogter het my onlangs vir die eerste keer omhels en gesê “I love you”! My seun gaan ook nou met baie meer selfvertroue skool toe.”

Toe ek dit hoor het ek hoendervleis van kop tot tone gekry, ek was saam met haar verheug oor die goeie nuus. BabaGim se massering het die wegtrek-refleks aangespreek sodat die vel gemakliker met aanraking is. Liefdevolle aanraking en massering gee ook die limbiese sisteem ‘n hupstoot wat stil-sit en konsentreer in die klaskamer moontlik maak! Dit is vir my ‘n absolute voorreg om BabaGim te kan aanbied en elke dag n verskil te kan maak.

So het ons plan van aksie gelyk:

Gugu:	Dogter	19 jaar oud	Massering van die kuite, rug en arms
Kgosi:	Seun	12 jaar oud	Massering van die kuite, boude, rug, gesig, arms, hande en voete
Toriso:	Seun	6 jaar oud	Massering van die kuite, boude, rug, gesig, arms, hande en voete

Toriso was voorheen by ‘n arbeidsterapeut om sy konsentrasie te verbeter. Sy selfvertroue het so verbeter dat hy nou skool geniet. Gugu studeer op die oomblik Siviele Ingenieurswese en waar sy voorheen met wiskunde gesukkel het, help sy nou ander studente daarmee!

Wat het massering, emosies, konsentrasie en wiskunde met mekaar te doen? BAIE! Kontak jou naaste BabaGim Instrukteur en hoor hoekom.